

Maandag

Joh. 3: 31- 33; 5: 19, 20, 33 – 36; 8: 12 – 18, 58; 1 Joh. 5: 6 – 11. Teks: Joh. 5: 36:
Tema: "Ons getuig oor Christus, nie soos Christus nie." Christus is die betroubare getuie oor Homself. Jesus verklaar dat hy nie 'n getuienis oor Hom wat van 'n mens afkomstig is, aanvaar nie! Daarmee verwys Christus nie na valse getuienis van mense oor Hom nie, maar spesifiek na Johannes die Doper se getuienis oor Hom. Jesus aanvaar nie die ware getuienis van Johannes die Doper oor Hom nie. Dit beteken nie dat Johannes onnodig oor Jesus getuienis afgelê het nie. God het Hom gestuur om oor Christus te kom getuig (1: 15) en om Jesus aan te wys as die Christus wie die Seun en Lam van God is. (1: 29 – 34) Jesus egter, aanvaar nie mense se getuienis oor Hom nie, want Sý getuienis oor Homself is groter as die van Johannes die Doper. (5:36) Daarmee verklaar Christus ook dat Hy self nie die profete van die Ou Testament se getuienis oor Hom aanvaar nie, want Hyself wys dat Johannes die grootste van al die profete was. (Mat. 11: 1 – 19) Christus getuig oor Homself en hierdie getuienis is groter as enige ander profeet se getuienis (8: 14, 18). Omdat Jesus Christus die een is wat van Homself getuig, word Hy in die Openbaring-boek genoem:

1. "Jesus Christus die betroubare getuie, die Eersgeborene van die dooies en die heerser oor die koning van die aarde." (Open. 1: 5) en
2. "die getroue en ware getuie, die begin van God se skepping, ..." (Open. 3: 14)
3. Hoe getuig Jesus oor Homself? Deur die werke wat Hy doen! Dit is deur die werke van sy geboorte (Joh. 1:14), lyding, kruisiging, sterwe en verhoging. (hfst. 18 – 20) Hierdie verlossingsdade van die Here getuig dat Hy is wie Hy is! Sy eie DADE, nie mense se vertellings, menings of getuienisse daaroor nie. Selfs nie eers die apostels se vertellings oor wat hulle gesien en gehoor het van sy lyding tot sy opstanding nie! Christus getuig oor Homself. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Joh. 3: 31- 33; 5: 19, 20, 33 – 36; 8: 12 – 18, 58; 1 Joh. 5: 6 – 11. Teks: Joh. 5: 36:
Tema: "Ons getuig oor Christus, nie soos Christus nie." 'n Getuie moet vertel van wat Hy gesien en gehoor het! Die woord "getuie" is 'n regsbegrip. 'n Getuie in die hof mag net getuienis aflê van wat hy self gesien, gehoor, self gesê en self gedoen het. Hy mag nooit getuig oor wat hy ander hoor sê het nie. Iets wat nooit ooit as getuienis gelewer of aanvaar sal word nie, is hoe jy dink, hoe jy voel of hoe jy iets beleef het. Dit kan nooit getuienis wees nie. Dit mag nie eers gesê word in 'n hof nie en wanneer só iets gesê sou word, word die getuie dadelik tot orde geroep en wat hy gesê het word dadelik geskrap. Wat jy dink, voel of ervaar word nie as getuienis aanvaar nie. Christus getuig oor Homself! In Jesus se gesprek met Nikodemus maak die Here hierdie besondere verklaring oor sien en hoor as getuienis oor God: "Amen, Amen, Ek sê vir jou: Ons praat oor wat ons weet, en ons getuig oor wat ons gesien het." (3:11) Jesus self getuig oor wat Hy oor Homself gesien en gehoor het! Hiermee bedoel Christus dat Hy en God, die Vader getuig oor wat hulle as God sien en hoor. Daarom kan die Jode nie getuies wees nie want hulle kan nie getuig dat hulle God

die Vader se stem al ooit gehoor het of God die Vader al ooit gesien het nie. (5: 37) Net Christus getuig oor Homself en sy Vader as God, want net Hy kan sy Vader sien en hoor. Daarom is mense se vertellings oor Christus nooit Christus se eie getuienis oor Homself nie. Dit is soos die verskil oor wat 'n pa as boer met sy werke oor Homself getuig en sy kinders se vertellings oor wat hulle pa gedoen het. Wanneer 'n boer nuwe lande met masjiene oopstoot en grond voorberei, damme bou, waterpype en boorgate aanlê, en bome plant, dan is die werk wat hy doen self die getuienis oor wie en wat hy as boer is. Sy kinders se opgewonde vertellings vir die onderwysers by die skool is vertellings oor hul pa se eie getuienis oor homself met sy werke. Christus getuig van Homself met sy werke. Ons kan net vertel wat Hy oor Homself getuig. Ons kan nooit soos Hy oor Homself getuig nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za. Ds Petrus.

Woensdag

Joh. 3: 31- 33; 5: 19, 20, 33 – 36; 8: 12 – 18, 58; 1 Joh. 5: 6 – 11. Teks: Joh. 5: 36.

Tema: "Ons getuig oor Christus nie soos Christus nie." Christus is die betroubare getuie oor Homself. Christus getuig oor Homself. "Getuig" in die Johannes evangelie beteken

1. om die waarheid bekend te maak van wie Jesus as die Christus, die Seun van God is en wat Hy doen!

2. Dit beteken ook om die waarheid te laat geld van wie Hy is en

3. daarom beteken dit ook om die waarheid oor Christus te bevestig.

Dit is soos met die boer! Hy laat geld die waarheid van wie hy is deur wat hy doen en só maak hy homself bekend vir wie hy is. Deur lande te maak bevestig hy die waaragtigheid van wie hy as boer is! Kinders se opgewonde vertellings van wie hulle pa is en wat hy gedoen het, kan nooit doen wat die pa met sy eie werke doen nie.

Hulle kan nie die waarheid van wie hy is bekend maak, geldig maak of die waarheid daarvan bevestig nie. Dit doen hy deur sy werke self! Christus se getuienis oor

Homself bevestig sy getuienis. Die Fariseërs beskuldiging Christus : "U getuig van uself; u getuienis is nie geloofwaardig nie." (8: 13) Die Fariseërs wou met eie

getuienisse bevestig of Jesus geloofwaardig die Christus is of nie. Maar wie máák God geloofwaardig? Christus verwerp hulle eis dat hulle die Christus

geloofwaardig maak want mense besluit nie wie Hy is en wat moet die Christus

doen nie. Jesus is God self wie die Christus kom word het! God is in Homself

geloofwaardig en daarom sy eie getuie! (1 Joh. 5: 9) Géén Ou Testamentiese

profeet, Johannes die dooper óf enige mens vandag se aankondiging of vertelling oor Christus kan Christus ooit

1. geloofwaardig maak nie,

2. Hom geldig maak of

3. bevestig wie Hy as Christus is nie.

Hulle vertellings kan net 'n "getuienis" genoem word omdat dit vertel wat Christus oor Homself getuig het, dit is,

1. wat Hyself oor Homself geloofwaardig laat wees,

2. wat Hyself geldig maak en

3. wat Hy van Homself bevestig.

Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Joh. 3: 31- 33; 5: 19, 20, 33 – 36; 8: 12 – 18, 58; 1 Joh. 5: 6 – 11. Teks: Joh. 5: 36.

Tema: "Ons getuig oor Christus nie soos Christus nie." Christus is die betroubare getuie oor Homself. Christus is geloofwaardig omdat Hy self God is! Dit getuig Christus openlik voor die Jode in die verklaring aan die einde van Joh.8:58 "Jesus het hulle geantwoord: "Amen, Amen, Ek sê vir julle: 'Ek is' al van voordat Abraham gebore is." Christus bedoel en die Jode verstaan baie goed dat met hierdie getuie is Hy verklaar dat Hy sêlf DIE HERE is wat in Exodus 3: 13 en 14: "Daarna sê Moses vir God: "Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: 'Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,' en hulle vra vir my: 'Wat is sy Naam?' wat moet ek dan vir hulle sê?" Toe sê God Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur.' Christus getuig oor homself deur te verklaar Hy is 'Ek is!' Hy is die Here wie Moses geroep en die Israeliete uit Egipte gelei het.

Daarom verklaar Jesus in 8: 18 volgens die 2020 Afrikaanse Vertaling: "Ek is" die Een wat van Myself getuig. Dwarsdeur die Johannes evangelie verwys Jesus na Homself as 'Ek is'. Hy is God wat is wat Hy is! Christus maak God wie 'Ek is wat Ek is', op 'n nuwe wyse bekend: God is die Vader en die Seun. So is Jesus en die Vader "Ek is wat Ek is". Wanneer Christus dan verklaar dat die Vader van Hom getuig, dan is dit nie 'n ander getuie as wat Christus oor Homself getuig nie. Christus wys met sy werke van sy lyding, kruisiging en opstanding dat Hy is God wat mens geword het, en die Vader getuig ook dat Hy sy Seun gestuur het om as God mens te word! (8: 18, 5: 37) Daarom is Christus deur sy werke die enigste geloofwaardige getuie oor Homself deur sy werke. Niemand anders kan

1. geloofwaardigheid aan sy werk gee nie,
2. sy werke geldig maak nie of
3. kan sy werke as Here en God bevestig nie. Dit doen net die Vader en die Seun! Net Christus is geloofwaardig omdat Hy en die Vader God is! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Joh. 3: 31- 33; 5: 19, 20, 33 – 36; 8: 12 – 18, 58; 1 Joh. 5: 6 – 11. Teks Joh. 5: 36:

Tema: "Ons getuig oor Christus nie soos Christus nie." In 15: 26 stel die Here dat sy apostels ook moet getuig, oor wat hulle gesien en gehoor het, maar heeltemal op 'n ander manier as oor wat Jesus Self gesien en gehoor het! Ons maak God nie geloofwaardig met óns getuie nie, ons maak niks van God geldig met ons getuie nie en ons bevestig niks van die waarheid van God met ons getuie nie. Johannes wys wat ons getuie is in die boek Openbaring: dit is om te glo in die God en wat Hy vir ons doen, en dit openlik te bely! Dit is hoe ons getuig! Ons getuig deur Christus se getuie oor Homself te vertrou omdat dit geloofwaardig is, in sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, opstanding en verhoging aan die regterhand van die Vader. Dit is mos presies net wat daardie kleuter doen wat opgewonde by die

skool kom vertel en aankondig wat sy pa op die lande gedoen het. Dit is net 'n blymoedige geloofsbelydenis in wie sy pa is en wat sy pa doen! Sommer net uit blydschap, opgewondenheid en dankbaarheid! Sommer net 'n openlike aankondiging van die werke van sy pa! Dit wil niks van pa geloofwaardig maak nie, niks geldig maak nie, niks bevestig nie en niks eie maak nie! Dit doen pa self, en juis omdat dit is wat hy doen, wil 'n kind dit net openlik vertel en aankondig! Die werke van die Here getuig vir hulle self. Die Here maak Homself geloofwaardig, laat geld Homself en bevestig die waarheid oor Homself in sy lyding, kruisiging, sterwe, opstanding en verhoging waarby Hy ons insluit! Dit is die Here se eie getuienis! Ons getuienis is net ons geloofsbelydenis in sy geloofwaardigheid. Ons getuienis is ons vertroue in sy getuienis oor Homself! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag ekstra

Joh. 3: 31- 33; 5: 19, 20, 33 – 36; 8: 12 – 18, 58; 1 Joh. 5: 6 – 11. Teks: Joh. 5: 36. Tema: "Ons getuig oor Christus nie soos Christus nie." Die getuienis van gelowiges is vandag in Christelike kerke vervang met die adverteer en bemarking van Christus. In die advertensiebedryf word mense se vooraf-opgeleide, geredigeerde en geskoolde vertellings oor produkte aangebied as sogenaamde getuienis om geloofwaardigheid te gee aan maatskappye se produkte. Hierdie reklame-vertellings is ongeldige en onwettige getuienis in 'n hof. Hierdie vertellings in die advertensiewese gee geloofwaardigheid aan maatskappye se produkte. Dit bevestig die geldigheid, effektiwiteit en waarheid van die produk. In afgodsdienste moet jy aan 'n Jesus reklame gee met bemarking-vertellings oor hoe goed en besonders jy Hom beleef waarin geestelikes jou vooraf skool en oplei. Met hierdie sogenaamde getuienis maak jy God nou vir ander mense geloofwaardig, geldig, waar en maak jy God deel van hulle lewe. Net soos met waspoeier, pille, bakkies, karre, klere, kos, sport en ontspanning! Wat is fout? Dit is presies wat die Fariseërs wou wees teenoor Jesus. Hulle wou die mense wees wat die waarheid, geldigheid en betroubaarheid van die Christus bevestig deur Hom te toets aan hulle eie vroomheid en geestelike ervarings oor hulle self. Hierdie is nie meer getuienis nie. Dit is nou die bemarking van God deur ons vertellings oor hoe baie dink ons van, voel ons vir God en hoe wonderlik ervaar ons God! Dit terwyl net Christus en die Gees die Vader gesien en gehoor het! Net Christus kan getuig oor wat Hy van die Vader gesien en gehoor het, want net Hy is God saam met die Vader! Christus aanvaar geen van hierdie getuienisse oor Hom nie. (Joh. 5: 34) Ons bely ons vertroue in Christus se getuienis oor Homself. Ons bemerk nie God as opgeleide reklame-agente nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus